# Kwartaal 4 Week 4

## 13 Tuinmaak

Plante het vier belangrike vereistes om te kan groei: sonlig, water, lug en voedingstowwe. Die grond waarin die plant groei, is verantwoordelik vir die water, lug en voedingstowwe. As ’n plant in grond is wat nie dié drie dinge voorsien nie, gaan dit nie baie goed groei nie.

Daar is drie soorte grond: kleigrond, sanderige grond en leemgrond. In klei is die gronddeeltjies baie klein en baie na aan mekaar. Klei kan baie water hou, maar baie min lug. Sanderige grond het groter deeltjies en daar is heelwat spasie tussen die deeltjies. Water vloei tussen dié deeltjies deur en bly nie lank in die grond nie. Leem is ’n mengsel van sand en kleigrond. Dit is die beste vir plante omdat dit water, lug en voedingstowwe baie goed hou.

**Lees die artikel en kies die beste antwoord op elke vraag. Skryf die vraag en die antwoord in jou boek.**

**1** Watse soort grond se deeltjies is die losste gepak?
**a** klei **b** sanderige **c** leem **d** nie een van dié nie

**2** Watse soort grond word die meeste in woestyne aangetref?
**a** klei **b** sanderige **c** leem **d** nie een van dié nie

**3** Watse soort grond is die beste vir landbou?
**a** klei **b** sanderige **c** leem **d** nie een van dié nie

**4** Wat het plante nodig om te kan groei?
**a** lug **b** water **c** sonlig **d** almal van hulle

**5** Grond voorsien nie:
**a** lug **b** water **c** sonlig **d** nie een van dié nie

**6** Watse soort grond hou water die beste?
**a** klei **b** sanderige **c** leem **d** nie een van dié nie

**7** Watse soort grond het die meeste lug in?
**a** klei **b** sanderige **c** leem **d** nie een van dié nie

## 14 Skryf ’n verslag

Volg die stappe om ’n verslag te skryf oor jou gunstelingdier.

**Stap 1 Inleiding**

Wat is interessant en opwindend omtrent hierdie soort dier?
Hoekom hou jy veral van hierdie dier?

**Stap 2 Agtergrond**

Watse soort dier is dit?
Hoe lank lewe hulle?

**Stap 3 Eienskappe**

Hoe lyk hy? Hoeveel ledemate het hy? Het hy vlerke, ore, pels of vel?
Hoe groot is die dier? Wat is sy lengte en massa? Hoe hoog staan hy?
Watter kleur is sy pels/hare/vel en hoe lyk sy gesig?

**Stap 4 Dieet en habitat**

Hoe leef die dier?
Wat eet hulle?
Hoe kry hulle hul kos?

**Stap 5 Aanpassings**

Hoe help hul fisiese vorm en hul lyfmerk tekens hulle om te oorleef?
Watse vyande het hulle?

**Stap 6 Interessante feite**

Enige “aitsa!”-feite wat jy omtrent jou dier kon uitvind.

**Stap 7 Gevolgtrekking**

Skryf ’n kort opsomming van die verslag.